

Pitstop-oordenking

20 April 2020

Efesiërs – kommunikasie by kinders van die Here

Welkom by vandag se Pitstop-oordenking! Ek vertrou dit gaan goed met julle.

Kom ons bid...

Ons delf vandag weer so bietjie in Efesiërs rond. Net om weer die konteks te kry:

- Ons is besig om na die praktiese gedeelte van Efesiërs (hfst. 4 – 6) te kyk.
- Ons het geleer van vuil klere uittrek en skoon klere aantrek – d.i. die kind van die Here doen anders, hy/sy tree anders op as tevore.
- Ons pas dit so bietjie toe op kommunikasie in die huwelik en gesin, maar hierdie beginsels se toepassing is natuurlik baie wyer!

Ons het nou twee gedeeltes reeds bekyk:

- Vers 25 wat gepraat het van leuens uitrek en die waarheid aantrek; en
- Vers 26 – 27 wat gepraat het daarvoor dat mens nie moet sonde doen as jy kwaad word nie maar eerder – as jy kwaad geword het – jy vrede moet maak voor jy gaan slaap.

Vandag praat ons oor verse 29.

²⁹Vuil taal moet daar nooit uit julle mond kom nie; praat net wat goed en opbouend is volgens die eis van omstandighede, sodat dit julle hoorders ten goede kan kom.

Vuil taal bedoel hier nie lelike taal, vloektaal nie. Die woord (sapos) word gebruik om iets wat vrot is aan te dui, bv. vrugte wat vrot geword het. Dit kan ook dui op iets soos vleis wat nie sout op het nie. Ongesoute woorde. Dus, woorde wat iemand anders seer maak, vrot laat voel of lyk. Woorde wat sny... Dit is nogal opmerklik dat die mond van die natuurlike mens en dié van 'n kind van die Here hemelsbreed verskil! 180°. Rom. 3: 14 sê die ongelowige se mond is *vol vervloeking en bitterheid*. Die gelowige egter bely met sy mond dat Jesus Here is (Rm 10: 9 – 10), en, soos Kol 4: 6 sê: ⁶“Laat julle woord altyd aangenaam wees, met sout besprinkel, sodat julle kan weet hoe julle iedereen moet antwoord”.

So, wanneer huweliksmaats (of enige ander mense) in 'n meningsverskil beland, “woorde” het soos ons sê, kan ons nogal maklik woorde gebruik wat die ander vrot of seer maak! Om die waarheid te sê, na 'n paar jaar se getroude lewe weet jy waar die ander se sagte plekkies is, en weet jy waar om die dolksteke te plaas. Jy weet presies hóé om die mes te draai sodat jy “wen”. Maar dit is presies wat die Here hier verbied! Dit is die vuil klere wat uitgetrek moet word.

Die teendeel, die aantrek, vind ons in “wat goed is”. Praat net wat **goed is vir opbou**... Twee gedagtes om hierdie (nuwe) tipe praat te verduidelik:

- Hoe weet mens wat “goed” is? Die Here definieer dit self met “tot opbou”. Die woord vir opbou (oikodemos) word ook gebruik om ‘n huis te bou. So., wat jy moet praat moet die “huis” verhoudings, of in ons toepassing, die huwelik en gesin bou en versterk.
- Mens kan hierdie konsep dalk beter verstaan met ‘n voorbeeld uit die sportwêreld. Bv. rugby, netbal, hokkie. Ons het al seker almal vir die TV geskreeu (of van die kantlyn af): Speel bal, nie die man nie! As jy begin om die man te speel is jou aandag nie by die spel nie, en word daar makliker punte teen jou aangeteken. So, in ons konteks nou: In ‘n argument kan jy maklik vir die man (of vrou) gaan, maar dan verloor jy eintlik. Arnold Mol het mos die boekie geskryf: Kom ons wen saam. Want, as daar ‘n wenner of verloorder in die huwelik is, is daar een wat seerkry, agterbly... en iets bou op in die binneste.

Daarom is dit soveel beter, as daar ‘n argument is, om eerder die **saak te identifiseer** (die bal) en daarop te konsentreer. Hierdie optrede maak my ongelukkig... of soortgelyk. Dan kan die huwelik/verhouding groei, en wen! Die Griekse teks sê: Dan kan jy dit **wat kortkom** opbou. Dit is ‘n nuwe steen wat in daardie huwelikshuis ingebou word!

En só, sê die Here, **bedien jy genade** aan mense wat jou hoor. Jy sien, mens kan op jou “regte staan”, jy kan aandrang daarop dat jy die een is wat ingedoen is.... Maar die Here bewys genade aan ons, Hy gee aan ons wat ons nie verdien nie. Omdat daar soveel genade aan jou bewys word, behoort jy nie ook genade te bewys nie? Het Jesus nie vir jou kom sterf nie...?

Daar het ons nog ‘n **kommunikasiebeginsel!** Laat jou woorde met sout besprinkel wees! Dan bou jy op... Soos God jou opbou. En as jy dit met jou huweliksmaat doen, gaan jy dit sommer doen aan almal wat jou pad kruis!

Besprekingsvrae

1. Het julle hierdie riglyne al met mekaar bespreek?
2. Watter een tot dusver, veroorsaak in jou kommunikasie (ook met jou huweliksmaat) die meeste botsings?
3. Kan jy sien dat hierdie riglyne jou kan help met jou verhouding met jou kinders?
4. Is jy in staat om “die bal” te kan identifiseer? Die probleem te kan definieer.
5. Kan jy aanhou konsentreer op die bal, of is jy iemand wat die man speel?
6. Dalk kan jy hierdie geleentheid gebruik om jou huweliksmaat eerlik te sê waar jy voel hy/sy vrot taal met jou gebruik?

Sterke!